# Sosiale verantwoordelikheid – 'n mite of realiteit?

J.D. Nortje

J.D. Nortje
Departement Bedryfsekonomie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300

Ontvang 23 Oktober 1978

'It was the best of times; it was the worst of times; it was the age of wisdom; it was the age of foolishness; it was the epoch of belief; it was the epoch of incredulity; it was the season of light; it was the season of darkness; it was the spring of hope; it was the winter of despair; we had everything before us; we had nothing before us.' (Charles Dickens)

Die laat twintigste eeu word as 'n periode van onrus en teenstrydighede op politieke, sosiale en ekonomiese gebied gekenmerk. Indien 'n mens dit met die kontrasterende en verwarde tydgees waarna Dickens 'n eeu gelede verwys het, moet vergelyk, is dit geensins oordrewe om te beweer dat die Dickens-era eintlik stabiel was vergeleke met die huidige wêreldtoestande nie.

Dwarsdeur die wêreld word veranderinge ondervind, sommige waarvan as goed en ander as onaanvaarbaar bestempel kan word; ons leef in 'n tydperk waarin ons gelyktydig beter en slegter daaraan toe is as 'n skamele eeu gelede. Nasies beskik oor parate militêre slaankrag wat daarop ingestel is om gedugte vyande totaal uit te wis, maar moet terselfdertyd ook waak teen hulle eie annihilering as gevolg van interne probleme, waarvan water- en lugbesoedeling voorbeelde is. Die mensdom beskik oor die verstandelike vermoëns om 'n lewende wese op die maan te plaas, maar is, paradoksaal, nie bevoeg om ernstige verkeersprobleme, wat daagliks in ons stede voorkom, die hoof te bied nie. Die sosiale en ekonomiese implikasies wat uit die hele situasie voortspruit laat nie slegs hulle letsels op die omgewing en die gemeenskap nie, maar ook die onderneming is uiters kwesbaar ten opsigte van hierdie probleme.

Ten spyte van al die probleme, veranderinge en teenstrydighede waarmee die mensdom vandag gekonfronteer word, sou ons egter sekerlik in geen ander tydvak wou leef nie. Dit is terselfdertyd ook 'n era van wonderlike geleenthede en van uitdagings om die legio van probleme op 'n sinvolle wyse die hoof te bied; 'n tydperk waarin al die partye nie slegs van hulle interafhanklikheid jeens mekaar bewus moet wees nie, maar ook 'n beleid van pragmatisme moet aanhang sodat elkeen sy bydrae moet lewer om die bestaan, en voortbestaan van die sosiale sisteem te verseker.

Bestuur, as die skakel tussen die onderneming en die gemeenskap, sal van hierdie veranderende wêreld kennis moet neem en bewus moet word van die hoë eise wat daaraan gestel gaan word. Dit vereis dat die sakeman nie slegs 'n deskundige kennis van sy onderneming en interne organisasie moet hê nie, maar dat hy ook oor die vermoë moet beskik om die onderneming as 'n deel van die gemeenskap te sien. Volgens die woorde van Broehl, 'He must be able to place business into society' – 'n proses van transformasie waar daar wetenskaplik en menslik in ruimtelike verband gedink en opgetree moet word.

Ruimtelike betrokkenheid, gepaard met 'n groter sosiale verantwoordelikheid aan die kant van private ondernemings, is 'n denkrigting waaroor daar in die jongste tyd dikwels geskrywe, geargumenteer en gespekuleer word, maar bly nogtans 'n terrein wat te dikwels en doelbewus deur private ondernemings vermy word.

## Die begrip 'sosiale verantwoordelikheid'

Dit gebeur deesdae selde dat voorsitters van direksies jaarverslae aanbied waarin daar nie, onder andere, na aspekte in dié verband verwys word nie. Sommige van hierdie aspekte geniet dikwels hoë prioriteit en in gevalle waar hierdie verantwoordelikheid soms agterweë gelaat word, is dit treffend dat daar selfs waarskuwings en versoeke aan ondernemings gerig word om meer aandag hieraan te verleen.

Alhoewel die begrip enersyds as eenvoudig en andersyds as redelik populêr geïnterpreteer word, beweer sommige skrywers dat die werklike interpretasie van die begrip moontlik meer gekompliseerd is as wat sakemanne en akademici besef. Sommige interpreteer dit as 'n wetlike verantwoordelikheid of 'n metode om liefdadigheidsinstellings aan die gang te hou, ander poog om sosiale verantwoordelikheid aan etiese norme te koppel, terwyl dit soms as 'n 'plig' van die onderneming jeens die gemeenskap gesien word.

Hoe die begrip ook al bevraagteken word en watter konnotasies daaraan geheg mag word, moet ons eerstens aanvaar dat dit 'n realiteitsdenke geword het wat 'n groot invloed op sowel die ondernemings as die gemeenskap gaan uitoefen. Dit kan beweer word dat 'n onderneming wat so 'n beleid nastreef, 'n ruimtelike benadering openbaar en gewillig is om verby die enge grense van persoonlike en ekonomiese belange te beweeg. Voorts dui die aksie ook op 'n heldere visie om die onderneming as 'n integrale deel van die totale sisteem te sien. 'n Onderneming met so 'n beleid sluit nie die oë vir knelpunte en gebreke van die sosiale sisteem nie, maar deur middel van 'n sosiale verantwoordelikheidsprogram is dit gewillig om 'n positiewe bydrae te lewer om dit te help verlig.

Sonder om dus 'n oordrewe waarde daaraan te koppel, bestaan daar genoegsame bewyse dat die begrip van sosiale verantwoordelikheid 'n sleutelposisie vervul as 'n denkwyse wat nie geforseerd na vore getree het nie, maar 'n natuurlike ontwikkelingsproses deurloop het. Dit is nie slegs 'n dogma wat deur die sakewêreld as die spreekwoordelike skrif aan die muur gesien word nie, maar daar is vandag genoegsame bewyse dat daar geen alternatief bestaan as om so 'n beleid te volg nie.

### Terreine van betrokkenheid

Verandering is nie meer vandag 'n rariteit nie. Waar stabiliteit 'n paar dekades gelede die norm was, word verandering vandag as norm aanvaar met stabiliteit as 'n rariteit. Veranderinge word op alle vlakke van die samelewing ervaar, onder meer in godsdiens, politiek, kultuur en opvoeding, en die sakewêreld kan hierdie rewolusie ook nie vryspring nie. Dit is belangrik dat die sakewêreld nie slegs van hierdie veranderende wêreld moet kennis neem nie, maar dat dit vanweë die besondere interafhanklikheid ook direk daarmee betrokke moet raak en waar moontlik, die verandering moet beïnvloed en help stuur in gewenste rigtings.

Verskeie ondersoeke in dié verband, onder meer gedoen deur die Departement Bedryfsekonomie van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, dui daarop dat 'n groot aantal sakemanne, ook in Suid-Afrika, sosiale betrokkenheid as 'n deel van hulle sakefilosofie aanvaar het. Sommige stel dit onomwonde dat hulle betrokkenheid nie slegs in monetêre terme gemeet moet word nie, maar ook op grond van hulle persoonlike betrokkenheid by sodanige projekte.

### Die onderneming en die staat

Hierdie is 'n verhoudingsaspek wat so oud soos die beskawing self is, en is sedert die vroegste dae reeds 'n interessante en populêre debatteerpunt. Daar kan van die standpunt uitgegaan word dat daar tussen die staat en die onderneming altyd 'n besondere verband geheers het en nog steeds bestaan en dat daar van beide kante groot invloed uitgeoefen word. Die vraag hoe hierdie verhouding behoort te wees, het ook deur die eeue onveranderd gebly, maar die antwoorde daarop het deur die eeue radikaal verander en sal beslis op die pad vorentoe nog steeds verander.

So vind ons byvoorbeeld vroeg in die agtiende eeu tydens die Merkantilistiese tydperk 'n besondere en intieme verhouding tussen staat en onderneming, maar teen die einde van die agtiende eeu moes hierdie benadering plek maak vir 'n nuwe en ekonomiese liberalisme, naamlik die 'laissez faire'-gedagte. In sy boek, 'The Wealth of Nations', pleit Adam Smith dat die onderneming alleen gelaat moet word om self sy eie heil uit te werk terwyl die staat se rol bloot as aanvullend en ondersteunend gesien moet word. In die laatnegentiende eeu het hierdie denkrigting nog verder momentum verkry met die bydrae van die Sosiale Darwinisme, wat gepleit het om 'n minimum van staatsinmenging ten einde die individu in staat te stel om ten volle te ontplooi.

In die vroeë twintigste eeu moes ook die aanhangers van hierdie dogma tot die ontnugtering kom dat dit nie 'n oplossing vir die probleme op ekonomiese gebied kon bied nie. Terselfdertyd het die Pragmatiste dalk nader aan die ideaal beweeg - 'n toestand waarin die staat en die sakewêreld as twee manipuleerbare elemente beskou moet word en waarin hulle op so 'n wyse moet onderhandel dat hulle nader aan 'n toestand van 'volmaaktheid' sal beweeg.

Uit hierdie konglomeraat van ideologieë is dit treffend dat daar altyd na die verhouding van die staat tot onderneming verwys word en dat hierdie verhouding, hoe positief of negatief dit ook al was, 'n direkte invloed op sowel ekonomiese toestande as die omgewing uitgeoefen het. Waar die staat en die sakewêreld vandag twee dominante komponente in die volkshuishouding is en die gemeenskap, en veral die buitewêreld, al hoe groter eise begin stel, is dit essensieël dat die sakeman voortdurend op die verhoudingsituasie moet let, en moet poog om hierdie 'vennootskap' suksesvol te laat verloop.

### Stedelike verval en agteruitgang

As daar 'n spesifieke terrein uitgesonder kan word waaroor die sakewêreld baie bekommerd behoort te voel en waarvan die probleme pertinente aandag moet kry, is dit beslis die omgewing, en meer spesifiek die kwaliteit van die dorp of stad, waarvan die onderneming 'n integrale deel vorm. Stedelike verval en agteruitgang word vandag as 'n ernstige knelpunt beskou en bo en behalwe die kulturele, sosiologiese en ander probleme wat hiermee verband hou, besef die sakeman dat sy bestaan en voortbestaan afhanklik is van die gemeenskap waarin hy sy onderneming bedryf. Dit verg nie slegs 'n betrokkenheid nie, maar ook 'n gewilligheid om 'n belegging of opoffering te maak ten einde oor die langtermyn voordeel te trek uit 'n meer bestendige gemeenskap en omgewing.

### Omgewingsbedoeling

Dié het 'n wêreldprobleem geword wat niemand en geen land ontsien nie. Die 'man op straat' wat onverantwoordelik optree en meehelp om die besoedelingsvraagstuk te vergroot, pleeg 'sabotasie' teenoor sy land en volk. Ondernemers wat hiertoe bydra, moet besef dat niemand die gevolde gaan ontduik nie, elke land in die wêreld is daaraan onderhewig en in die hoogs geïndustrialiseerde gebiede word dit vandag as 'vyand nommer een' bestempel. 'n Skrywer het onlangs beweer dat die lug in New York só besoedel is dat indien dit 'n verhandelbare kommoditeit was, 'it would be illegal to ship it, because it is unfit for human consumption.' Ook 'n spotprent in dié verband het die chaotiese toestand soos volg saamgevat: toe die gifgasse die keel begin brand en die geraas onuithoudbaar begin raak het, het die besoekers van 'n aangrensende planeet die afleiding gemaak dat hulle nader aan die 'beskawing' begin beweeg!

Die onderneming vorm 'n integrale deel van hierdie 'beskawing' en omdat dit mede-verantwoordelik was vir die vorming van hierdie 'beskawing', is dit gevolglik ook besonder kwesbaar vir openbare kritiek - vandaar die betrokkenheid en onlangse besondere belangstelling op hierdie terrein.

### Onderwys en opleiding

Alhoewel die mensdom al vir baie eeue intuïtief aanvoel en verkondig dat geld wat aan onderwys en opleiding bestee word, as 'n belegging gesien moet word, is dit maar eers onlangs dat opvoedkundiges en ekonome wetenskaplik kon bewys dat daar 'n positiewe korrelasie tussen produktiwiteit en die koste van opleiding bestaan; met ander woorde, dat opleiding en onderwys wel 'n belegging is.

Daar kan vandag met alle reg na die pluralistiese gemeenskap as 'n kennis-georiënteerde gemeenskap verwys word, en die onderneming vorm 'n integrale deel van hierdie gemeenskap. Daarom is dit ook noodsaaklik dat daar enersyds 'n besondere verband tussen hierdie twee partye sal bestaan, en dat daar andersyds 'n behoefte by ondernemers sal bestaan om met die opvoedkundige wêreld te skakel, en deur middel van kontak, belangstelling en bydraes hulle verantwoordelikheid na te kom.

### Hulp aan ontwikkelende gemeenskappe

Dit het betrekking op die bevordering van ontwikkelende gebiede asook hulp aan die minder gegoede lede van 'n ontwikkelde gemeenskap, en is 'n aspek wat vandag hoë prioriteit behoort te geniet. In Suid-Afrika word die noodsaaklikheid van hierdie hulpprogramme nog meer as in meeste ander lande besef — dié land het te doen met beperkte blanke getalle en elke individu word as kosbaar gereken, en daar is ook 'n massa ontwikkelende swartmense wat in sommige gevalle in haglike omstandighede lewe, maar beslis as 'n groot potensiële arbeidsbron gesien word.

As dominante vennote het die private ondernemings derhalwe nie meer 'n keuse of hulle wil meehelp om hierdie dilemma te verlig nie — hulle móét, en het slegs die keuse van besluit hoe vinnig en doeltreffend die uitdaging aanvaar en die taak aangepak moet word.

### Die onderneming en die kulturele omgewing

Dit is 'n faset van die sosiale sisteem waarmee deeglik rekening gehou moet word. Vir die ondernemer is die kwaliteit van sy omgewing belangrik, want dit vorm sy milieu — dit is die wêreld van die verbruiker asook die voedingsbron van arbeid, en hierdie kwaliteit sal in 'n groot mate bepaal word deur die kulturele peil van die gemeenskap. Daarom is dit belangrik dat ondernemers moet besef dat daar nie slegs op nywerheidsvlak vennootskappe aangegaan moet word nie, maar dat die vennootskap tussen die sogenaamde 'kapitaal- en kultuurgoedere', dit wil sê, tussen die materiële en die geestelike, net so belangrik is.

### Pluralisme in aksie

Vroeër is daar melding gemaak van die feit dat daar in die jongste tyd redelik baie oor hierdie nuwe denkrigting geskryf en geargumenteer word en dat jaarverslae ook meer dikwels hiervan melding begin maak. Ongelukkig is dit ook waar dat te veel private ondernemings dit nog steeds vermy. Daar is groot waardering vir dit wat reeds op sekere terreine deur private ondernemings vermag is, maar ongelukkig is dit ook waar dat sosiale verantwoordelikheid by 'n groot persentasie van private ondernemings slegs as 'n passiewe filosofie funksioneer.

Die tyd het nou aangebreek dat, indien ondernemings op bogemelde terreine meer doelgerig wil begin opereer, daar definitiewe doelwitte en prioriteite bepaal sal moet word. Die enigste, onfeilbare metode waarvolgens dit gedoen kan word, is deur middel van 'n doelgerigte en beplande sosiale verantwoordelikheidsprogram, 'n program wat aan die ondernemer die geleentheid sal bied om die terreine waar sy onderneming 'n positiewe bydrae kan lewer, te eksploiteer, om prioriteite te bepaal en om as handige en strategiese bestuursmiddel te dien. Ook moet ondernemers hiervan kennis neem dat so 'n program nie as 'n 'aanhangsel' beskou moet word nie, maar dat dit 'n integrale deel van elke onderneming se beplanningsproses moet vorm.

Voordat 'n onderneming so 'n program van stapel kan stuur, is dit primêr noodsaaklik om die grense daarvan te bepaal. Volgens navorsing blyk dit baie duidelik dat die meeste ondernemings hierdie grensbepalings as netelig beskou. Ondernemings verskil ook radikaal van mekaar in hierdie verband — nie slegs ten opsigte van prioriteite nie, maar ook die bedrae geld wat vir die doel toegeken word. Sommige beskou dit as projekte oor die langtermyn en andere wil die resultate oor die korttermyn sien. Sekere projekte gaan om nasionale en selfs internasionale belang, terwyl sommige nie veel wyer uitkring as die grense van die onderneming nie. Vir 'n groot persentasie van die ondernemings gaan dit om die egtheid van die saak terwyl daar by andere 'n valse of selfs politieke kleur te bespeur is.

Die gemeenskap het groot waardering vir dit wat reeds vermag is, maar dit is jammer dat hierdie betrokkenheid nog te veel op individuele basis en ongekoördineerd geskied.

Indien noemenswaardige resultate bereik wil word, moet ondernemings dit eerder as 'n *gesamentlike program van aksie* sien, en vir dié doel tot die stigting van 'n *koördinerende liggaam* oorgaan, wat namens die lede as 'n liggaam met gesag en status na buite kan optree.

Betrokkenheid met gemeenskapsaktiwiteite mag nooit doelloos geskied nie, maar deelname moet suiwer op *prioriteitsbasis* geskied — alleen dan kan sosiale verantwoordelikheid as 'n filosofie in beweging gesien word.

Dit is 'n nuwe denkrigting en die sukses vorentoe is in 'n groot mate van die *modus operandi* en resultate van die hede en die verlede afhanklik. Daarom moet 'n *databank* vir *sosiale verantwoordelikheid* as 'n ideaal gestel word.

Suid-Afrikaanse ondernemings mag nie langer oor betrokkenheid of moontlike betrokkenheid filosofeer nie. Die plurale gemeenskap het dringend hulp en ondersteuning nodig en dit is nou die aangewese tyd om 'n daadwerklike bydrae te maak.

Die kwaliteit van 'n gemeenskap word in 'n groot mate deur die gehalte, denkpatroon en optrede van die sakeleiers bepaal.

# Priorities for South African managers – an informal discussion

Talk at the annual dinner of the University of South Africa's School for Business Leadership Alumni Association, 17 November 1978

A.J. van den Berg

Managing Director, Industrial Development Corporation of SA Ltd., P.O. Box 6905, Johannesburg 2000

This will be an informal discussion on management's priorities, and particularly those priorities outside the work situation.

A major factor and priority in the life of the manager is, or should be, his family involvement. Many seminars are being offered for executives (so many, I almost believe that seminars should be taxed, and should be held exclusively after hours). But such seminars are mainly limited to the managers themselves, while I think that it is desirable that some of these seminars should be planned in such a way that they will also be meaningful to the managers' spouses. The concept that balanced and effective executive management requires a total family involvement has not yet found